

Verdediging van die Kaap in 1795: vir kroon of patria?

THEAN POTGIETER^{..}

Europese oorloë van die laat agtiende eeu het 'n belangrike invloed op verskeie samelewings in alle wêrelddele uitgeoefen aangesien kolonies en provinsies ten tye van dié oorloë gereeld van heerskappy verwissel het. Bevolkings, verbind aan die grondgebied, het soos kommoditeite saam van hande verwissel. Dit was ook die lot van die Kaap die Goeie Hoop.

Teen 1795, met Europa in die bloedige oorloë van die Franse Revolusie gewikkel, was die klein verdeelde gemeenskap aan die Kaap nog onder Nederlandse beheer. Aangesien die Kaap egter die seeroete na die Ooste beheer het, sou Suid-Afrikaanse geskiedenis deur wêreldgebeure beïnvloed word. Die groot moondhede van die destydse wêreld, gewikkel in 'n internasionale konflik, het spoedig vir die Kaap meegeding – met Brittanje wat dit in 1795 verower. Britse handel het veilige roetes, beskerming en hawens nodig gehad, en die Kaap was 'n belangrike sleutel in die handel met die Ooste. Die Britse veroweringspoging is egter makliker gemaak deur gebeure in Nederland en die politieke verdeeldheid aan die Kaap.

* Kommandeur Thean Potgieter is verbonde aan die vakgroep Krygsgeschiedenis, Fakulteit Krygskunde, Universiteit Stellenbosch (Militêre Akademie). Sy mees onlangse publikasie is “Nineteenth century technological development and its influence on the Anglo-Boer War, 1899-1902” in 'n spesiale uitgawe van die *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 25(2), Desember 2000. Hy is tans besig met “Die geo-politieke rol van SA Vloot sedert die Tweede Wêreldoorlog” en “maritieme verdediging in sub-Sahara Afrika tot 1914.”

In dié bespreking van die eerste Britse verowering van die Kaap word spesifiek verwys na die doelwitte van die opponerende magte en die verskillende persone wat die aan die proses deelgeneem het. Bronne in die Kaapse Argiefbewaarplek sowel as 'n aantal sekondêre bronne is benut. Toegang tot slegs Suid-Afrikaanse argiewe het beperkings meegebring, maar dit is aangevul deur die raadpleging van gepubliseerde werke sowel as kopieë van belangrike brieve wat in ander argiewe beskikbaar is.

Wêreldgebeure aan die Kaap teen 1795

Die Kaap was sedert 1652, nadat die *Verenigde Oostindische Compagnie* (VOC) 'n verversingspos aldaar gevestig het, in Nederlandse hande. Gedurende die daaropvolgende anderhalf eeu sou die Kaap 'n belangrike funksie vervul as halfwegstasie op die lang seeroete na die Ooste. Weens die strategiese ligging van die Kaap is 'n hoë premie deurgaans op die verdediging van die Kaap geplaas en met verloop van tyd is 'n omvattende reeks vestingwerke opgerig.

Aangesien belangrike gebeure in Europa soos oorloë en revolusies voortdurend die situasie aan die Kaap beïnvloed het, het die bloedige oorloë van die Franse Revolusie 'n drastiese wending in die Suid-Afrikaanse geskiedenis tot gevolg gehad. Ná die Franse aanval op Nederland en die proklamering van die Bataafse Republiek in 1795, het die Nederlandse Stadhouer, Willem V, Prins van Oranje na Brittanje gevlug. Nederland was nou 'n geallieerde van Frankryk. Weens die kommunikasiemiddelle van dié tyd sou dit egter 'n aantal maande duur voordat die Kaapse bewindhebbers hiervan te hore kom. Dié geleentheid het die Britte benut.

Wat Britse belangstelling in die Kaap betref, het maritieme aangeleenthede reeds vir eeue 'n belangrike rol in hul nasionale lewe gespeel. Die gevolg was dat Britse invloed teen die agtende eeu reeds ver gestrek het.¹ Brittanje was besig om haar oppermag ter see te vestig en die Britse Ryk het dramatiese groei ervaar. Handelsooreenkomste is met verskeie state gesluit en handelsmissies is reg oor die wêrld gestig. Britse betrokkenheid in Indië het toegeneem, 'n strafkolonie is selfs in Sidney gestig met die gevolg dat die vestiging van 'n basis in Suid-Afrika ernstig oorweeg is. Indië, essensieel vir Britse welvaart, was die

1. P.M. KENNEDY, *The rise and fall of British naval mastery* (Tweede uitgawe, Penguin, Londen, 1986), p.21.

Verdediging van die Kaap in 1795

sogenaamde *jewel in the crown*, maar die lang seeroete waarlangs die rykdom vervoer is, was kwesbaar. Britse gebiedsbesetting in die periode kan derhalwe aan die vereiste om handel beskerm en aan strategiese oorweging – indien dit moontlik is om die twee te skei – gekoppel word.

Weens die strategiese ligging van die Kaap het Britse kommer oor wie die seeroete beheer, reeds in 1793 daartoe geleid dat direkteure van die Britse Oos-Indiese Kompanjie die minister van oorlog, Henry Dundas versoek het om die Kaap vir Brittanie te beveilig: “the security of the Dutch settlement should be guaranteed by British naval protection”.² Onmiddellik is met Nederland oor die plasing van ‘n Britse troepemag aan die Kaap onderhandel. Nederland wou nie Britse troepe aan die Kaap hê nie. Daar was egter geen beswaar teen die teenwoordigheid van Britse oorlogskepe aan die Kaap nie. Hoewel die onderhandelings misluk het, was dit nie die einde van Britse kommer nie en in 1794 beklemtoon Dundas nogmaals:

(I)f the French...get possession of the Dutch government...their first act will be to send a French force to the Cape...We must be beforehand with them.³

Brittanje het Nederland se oorgawe aan die Franse as ‘n direkte bedreiging vir die kosbare Kaapse seeroete gesien en op 12 Januarie 1795 pleit sir Francis Baring, voorsitter van die Britse Oos-Indië Kompanjie, by Dundas dat die Kaap aangeval moet word, omdat dit, volgens hom, maklik verower kon word. Hy beklemtoon die waarde van die Kaap want dit is eerstens ‘n

place of refreshment for our ships...and we should be much distraught for a substitute...secondly, whoever is master of the Cape will be able to protect or annoy our ships.”⁴

Baring verduidelik dat hoewel min voordele uit die Kaap as kolonie geput kon word, sou die Kaap in Franse hande Brittanie ernstig benadeel aangesien, “It commands the passage to and from India as effectively as

-
2. C.J. DE VILLIERS, *Die Britse Vloot aan die Kaap, 1795-1803* (MA, Universiteit Kaapstad, 1967), p.2.
 3. C.J. DE VILLIERS, *Die Britse vloot aan die Kaap, 1795-1803*, p.2.
 4. Baring - Dundas, 12 Januarie 1795 in G.M. THEAL, *Records of the Cape Colony from February 1793 to December 1796* (Clowes & Son, Londen, 1897), pp.19-23.

Gibraltar does the Mediterranean.”⁵ Die Britse regering besluit gevolglik om die Kaap te verower, om te verhoed dat die “veer” in Nederlandse hande, ‘n “swaard” in Franse hande word.⁶

Die feit dat die uitgeweke Prins Willem van Oranje as banneling in Kew (Engeland) gewoon het, was ‘n tikkie geluk vir die Britte. Op aandrang van Britse politici onderteken die Prins van Oranje ‘n brief (gedateer 7 Februarie 1797) aan die Kaapse owerhede. Hierin magtig hy Nederlandse vlootbevelvoerders om Britse skepe toe te laat om die Kaap teen die Franse te verdedig. Die Goewerneur word ook beveel om Britse troepe te ontvang en hulle in die Kasteel toe te laat, aangesien hulle moes verhoed dat die Kaap in Franse hande val.⁷

Gebeure het vinnig op mekaar gevolg. Op 16 Februarie word kaptein John Blankett van die Britse Vloot beveel om generaal-majoor James Henry Craig en die 78ste regiment (515 soldate) aanboord te neem. Elf dae later vertrek Blankett se flottelje bestaande uit drie vierde klas (fourth rate) slagskepe en een sloep, na die Kaap. Vice-admiraal George Keith Elphinstone is as taakmagbevelvoerder aangestel. Elphinstone was ‘n goeie keuse aangesien hy in die diens van die Britse Oos-Indië Kompanjie was en die seetoestande om die Kaap geken het. Hy was ook ervare en het oor die vermoë beskik om so ‘n ekspidisie te lei en te beplan.⁸ Op 3 April vertrek Elphinstone se taakmag van ses skepe (drie derde klas slagskepe, een fregat en een vragskip) na die Kaap. Die bevelvoerder van die landmagte, generaal-majoor Alured Clarke, se mag was op dié stadium nog nie ten volle gereed om verskeep te word nie, met die gevolg dat Clarke eers op 15 Mei met ‘n flottielje vragskepe vertrek het. Op 10 Junie 1795 rendezvous Blankett en Elphinstone se skepe naby Kaappunt en die volgende dag seil hulle Valsbaai binne.⁹ Die vraag is: Was die Kaapse verdediging egter by magte om ‘n invallende mag af te weer?

-
5. M. BOUCHER en N. PENN, *Britain at the Cape, 1795-1803* (Brenthurst Press, Houghton, 1992), p.20 en P. ERSKINE, “Admiral Elphinstone’s naval task force 1795 1796: the memorabilia of the first British occupation” in *Antiques in South Africa*, (12) 1983, p.83.
 6. Blankett - Napean (Dundas’ Under Secretary for War), 25 Januarie 1795 in M. BOUCHER en N. PENN, *Britain at the Cape, 1795-1803*, p.22.
 7. G.W. EYBERS, *Select constitutional documents illustrating South African history, 1795-1910* (Routledge, New York, 1918), p.1-3.
 8. P. ERSKINE, “Admiral Elphinstone’s naval task force 1795 1796: the memorabilia of the first British occupation” in *Antiques in South Africa*, (12) 1983, p.86.
 9. C.J. DE VILLIERS, *Die Britse vloot aan die Kaap, 1795-1803*, pp.5-6.

Verdediging van die Kaap in 1795

Teen 1795 was alles nie pluis aan die Kaap nie. Die verhouding tussen die vryburgers van Europese afkoms (burgers) en die VOC het gedurende die vorige twee dekades drasties versleg.¹⁰ Finansieel het dit sleg gegaan met die VOC. Met minder skepe wat die Kaap weens die oorloë van die Franse Revolusie besoek het, het die Kaapse uitvoerekonomie verswak. Die burgers was ongelukkig oor die inflasiekoers en die benarde ekonomiese situasie aan die Kaap. Die effek van die Franse Revolusie het ook die Kaap self beïnvloed. ‘n Sterk revolutionêre gees was merkbaar. Verskeie burgers het die Nederlandse patriotte ondersteun, wat in opposisie teenoor die huis van Oranje gestaan het. Veral in die grensgebiede was VOC beheer onpopulêr. Terwyl sommige burgers die Kaap direk onder die beheer van die Nederlandse State-Generaal wou hê, het ander onafhanklikheid bepleit. In Swellendam is glad ‘n ‘republiek’ uitgeroep. ‘n Algemene gevoel van pessimisme het geheers en verenigde militêre optrede deur ‘n verdeelde bevolking teen ‘n goed georganiseerde aanslag was ‘n vae moontlikheid. Die gevolg is dat opposisie teen die Britse besetting afgewater was.¹¹

Onder dié omstandighede, met ‘n oorlog in Europa, moes die bewindhebbers aan die Kaap (kommissaris Sluysken kolonel Gordon) militêre voorbereidings tref om die Kaap teen ‘n inval te beskerm. Abraham Josias Sluysken is met ingang 23 September 1793 in die hoogste politieke amp aan die Kaap, Kommissaris en President van die Politieke Raad aangestel. Hy het die bestuur van die Kaap oorgeneem,

met een ontevreden bevolking en een garnizoen, zoo beperkt, dat nauwliks aan verdediging der nederzetting viel te denken...¹²

Die bevelvoerder van die Kaapse Garnisoen sedert 1780 was kolonel Robert Jacob Gordon. Hy was nie net ‘n soldaat nie, maar ook ‘n botanis en ontdekkingsreisiger van faam. Weens sy wetenskaplike navorsing en sy bydrae tot natuurgeskiedenis het Gordon selfs in Europa bekendheid verwerf. As soldaat was Gordon ‘n toegewyde en lojale offisier wat gereeld aangeprys is vir sy buitengewone werksywer en sy gebrek aan eiebelang in die uitvoering van sy take.¹³ Wat militêre aangeleenthede

-
10. H. GILIOMEE en R. ELPHICK, ‘n *Samelewing in wording, 1652-1840* (Tweede uitgawe, Kaapstad, 1990), p.322.
 11. T.R.H. DAVENPORT, *South Africa: a modern history* (Bergvlei, 1989), p.39.
 12. Idenberg, P.J. aangehaal in H.F. NEL, *Die Britse Verowering van die Kaap in 1795*, (MA, UK, 1967), p.27.
 13. Kaapse Argiefbewaarplek (hierna KA). C213: Resolutiën Raad van Politie, 26 Februarie 1793, pp.280-282.

Potgieter

betref, moes hy die bevele van die goewerneur (Sluysken in dié geval) gehoorsaam en aan hom rapporteer¹⁴ aangesien die verdediging van die Kaap in die eerste plek die taak van die goewerneur was.¹⁵

Die garnisoen wat die Kaap in 1795 moes verdedig was power. Die Württemberg Regiment (in VOC diens) het, weens die VOC se benarde finansies, die Kaap in 1792 verlaat en na Batavia vertrek. Die Kaapse verdedigingsmag was derhalwe skraps. Daar was eerstens die Nasionale Battaljon (25 offisiere en 546 manskappe) wat deur luitenant-kolonel De Lille aangevoer is.¹⁶ ‘n Tweede groep was die Kaapse Artillerie, met majoer Küchler as the *Chef der Artillery*, saamgestel uit 27 offisiere en 403 artilleriste.¹⁷ Derdens was daar die Pandoer-eenheid met ‘n bemanning van 210 (hoofsaaklik oud-slawe) en 57 man wat die depots van die Meuron and Württemburg regemente beman het.¹⁸ Ter versterking van die staande eenhede moes burgers tussen 16 en 60 by die milisiemagte aansluit en as dragonders of infanterie opgelei word. In geheel, was die Kaapse verdedigers ongeveer 3 600 sterk.¹⁹

Die fortifikasiesisteem om die Kaap was beduidend. Casteel de Goede Hoop (‘n vyfhoekige fort, tussen 1666 en 1677) was die belangrikste fortifikasie.²⁰ Weens die kasteel se swak ligging, die feit dat dit van hoë grond beheer kon word, kommer oor die Kasteel se swak struktuur en die beperkte terrein wat die kasteel se geskut kon bestryk, is min vertroue daarin geplaas en ‘n hele aantal kleiner forte en batterye is in Tafelbaai, Kampsbaai en Houtbaai opgerig.²¹ In geheel was ten minste 400 stuks

-
14. KA. C215: Resolutiën Raad van Politie, 2 April 1795, pp.62-63. C670. Briefen van Commissarissen Generaal Nederburgh en Frykenius aan die Raad van Politie, 25 Maart 1793, pp.7-9.
 15. KA. C670: Briefen van Commissarissen Generaal Nederburgh en Frykenius aan die Raad van Politie, 3 April 1793, pp.51-53.
 16. Die benaming ‘nasionale’ was nie werklik van toepassing nie, aangesien die troepe huursoldate van verskeie Europese nasionaliteite was en hul offisiere lojale Oranje ondersteuners was.
 17. Die meeste artilleriste het die Patriotte ondersteun.
 18. H.F. NEL, Die Britse Verowering van die Kaap in 1795, pp.23-24.
 19. KA. VC75: P.W. MARNITZ, Verhaal van die overgaave van de Kaap de Goede Hoop aan de Engelshen door Een vriend der waarheid aldaar. In’t tweed jaar der Batavische Vrijheid. Handgeskrewe, 21 November 1796., pp.33-35.
 20. KA. C714: Bijlagen, Guilquin and Thibault - Rhenius, 27 Februarie 1792, pp.68-69.
 21. H.F. NEL, Die Britse Verowering van die Kaap in 1795, pp.15-19 en KA. C714: Bijlagen, 27 Februarie 1792, pp.69-75.

artillerie vir die verdediging van van Kaapse Skiereiland beskikbaar.²² Hoewel verskeie van dié fortifikasies opsigself nie gedug was nie, of ‘n beperkte skootsvlak gehad het nie, was die fortifikasiesisteem om Kaapstad ‘n beduidende hindernis vir enige voornemende aanvaller.

In Valsbaai was die fortifikasiesisteem egter in gebreke. Dié gebrek is onverstaanbaar, aangesien Simonsbaai ‘n uitstekende en ontwikkelde ankerplek gehad het. Die gebrek aan kusbatterye aan die Valsbaaise kus het egter beteken dat dit as ‘n ideale landingsplek vir vyandelike magte kon dien. Sluysken het van die tekortkomming kennis geneem en beveel dat twee klein batterye (elk met vier 24-ponders en vier 4-ponders bewapen) teen die hange in Simonsbaai gebou word.

As Garnisoenbevelvoerder het Gordon moete gedoen om die fortifikasiesisteem aan die Kaap te verbeter.²³ Die Kaapse artilleriste wat die fortifikasies beman het, is in die gebruik van gloeiende koeëls opgelei en altesaam 19 oonde wat 450 gloeiende koeëls in 14 minute kon voorberei het tussen Kampsbaai en Tafelbaai bestaan. Kaptein De Jong van die Nederlandse fregat *Scipio* het na die Kaapse fortifikasies verwys as in ‘n ‘gedugte toestand’. Hy het gemeen dat met slegs 2 500 soldate om die Kaap te verdedig dit moeilik sou wees om die Kaap van die see te verower.²⁴ Dieselfde het egter nie vir Valsbaai gegeld nie...

Verdedig om te kapituleer: Nederlandse verdediging en die Britse oorname

Op 11 Julie ontvang Sluysken ‘n dringende boodskap van die VOC Resident in Simonstad dat Britse oorlogsskepe met ‘n ekspedisiemag aan bord, die baai binne gevaar het. Die Politieke Raad het onmiddellik vergader en besluit om sonder verwyl vir luitenant-kolonel De Lille met 200 infanteriste en 100 artilleriste na Simonstad te stuur om die plaaslike garnisoen van 110 infanteriste en 50 artilleriste te versterk. Die burgermilisie is ook onmiddellik opgeroep om die verdedigingsmag te versterk, maar weens die situasie aan die Kaap, was die reaksie swak.²⁵

-
22. KA. C704: Generale Staat van alle sodanige Ammunition goede en van Oorlog tot die Artillerie behoorende als aan het Gouverment van Cabo de Goede Hoop, November 1792., pp.105-106.
23. KA. C174: Resolutiën Raad van Politie, 14 April 1787, pp.448-449 and KA. C178: Resolutiën Raad van Politie, 14 Mei 1788, p.147.
24. C.J. BARNARD, “Robert Jacob Gordon se loopbaan aan die Kaap” in *Argiefjaarboek vir SA Geskiedenis*, (I) 1950, pp.404-405.
25. G.E. CORY, *The Rise of South Afrika* (Londen, 1910), p.56.

Elphinstone het 'n uitnodiging aan Sluysken en Gordon gerig om hom aan bord sy vlagskip *HMS Monarch* te ontmoet aangesien hy 'n brief van die Prins van Oranje en belangrike inligting aan hulle wou oordra. Elphinstone het voorts aangedui dat hy graag met Gordon wil gesels – verkieslik alleen.²⁶ Die Politieke Raad het egter beslis dat dit belangriker is dat Sluysken en Gordon in die Kaap bly en versoek dat die inligting en die brief na hulle gestuur moes word.

Die Kaapse bewindhebbers was in die war. Sover hul kennis gestrek het, was Brittanje en Nederland geallieerde, hoewel nuus wat hul vantevore bereik het, gewaarsku het dat Nederland moontlik van kant kon verwissel.²⁷ Gevolglik die dilemma – moes die Britte as geallieerde beskou word of nie? Om die situasie te bemoeilik, kon die Kaapse bewindhebbers nie op die lojaliteit en steun van die hele garnisoen en baie van die burgers staatmaak nie. Die meerderheid van die troepe en burgers was republikeins, stoere ondersteuners van die Patriotte, ten gunste van 'n alliansie met Frankryk en gekant teen die Stadhouderskap. Aan die anderkant was die meeste VOC amptenare en garnisoenoffisiere Oranjegesind.

Veral Gordon was 'n stoere Oranjeman. Hy was van Skotse afkoms en sy pro-Britse sentemente was alombekend. Tewens, in Britse dokumente is gesuggereer dat Gordon 'n Britse oorname sou verwelkom. Die Britse Oos-Indiese Kompanje se agent aan die Kaap, John Pringle, rapporteer in 1795 dat Gordon vervang sou word indien Frankryk Nederland oorrompel, maar dat die Kaapse garnisoen oortuig sou kon word om die Britse saak te ondersteun indien Gordon hulp ontvang. Elphinstone en Craig was skynbaar hiervan bewus – gevolglik hul ywerige pogings om na hul aankoms 'n ontmoeting met Gordon te reël.²⁸

Op 14 Junie stuur die Britte twee offisiere na Kaapstad om 'n afskrif van die Prins van Oranje se brief en Elphinstone en Craig se verslag oor die situasie in Nederland af te lewer.²⁹ By die daaropvolgende vergadering van die Politieke Raad dring Gordon daarop aan dat die Britte as geallieerde verwelkom moes word indien die administrasie aan die Kaap

-
26. P. CULLINAN, *Robert Jacob Gordon, 1743-1795* (Struik Winchester, Kaapstad, 1992), p.175 en H.F. NEL, *Die Britse Verowering van die Kaap in 1795*, p.52.
 27. G.M. THEAL, *History and Ethnography of Africa South of the Zambesi, Volume III* (Derde uitgawe, Londen, 1922), p.314.
 28. Admiraal Elphinstone se Joernaal in G.M. THEAL, *Records of the Cape Colony from February 1793 to December 1796*, pp.58-60.
 29. KA. C231: Afskrif van Elphinstone en Craig se Verslag-Raad van Politie, 13 Junie 1795 in Resolutiën Raad van Politie, 13-14 Junie 1795, pp.152-156.

onveranderd bly, die Kaap in die naam van die Nederlandse Stadhouer beheer word en die Britse troepe onder die beheer van die kommissaris-generaal geplaas word.³⁰ Hier teenoor het ander lede van die Politieke Raad beklemtoon dat aangesien ‘n voortvlugtende prins in ‘n vreemde land die brief onderteken het, dit nie baie waarde het nie. Hulle lojaliteit is jeens Nederland en nie ‘n party nie, gevvolglik moet die Britte nie toegelaat word om te land nie. Die Raad het die Britte bedank vir hul belangstelling in die verdediging van die Kaap en bygevoeg dat Britse hulp in die geval van ‘n Franse aanval welkom sou wees, maar dat die Kaap heeltemal bevoeg was om sy eie verdediging te hanteer!³¹

Intussen het die Britse offisiere soveel moontlik oor die Kaapse verdediging probeer wys word en in die Kaap rond gewandel.³² Tydens ‘n ontmoeting wat een van die offisiere met Gordon gehad het, het hy beklemtoon dat hy die Kaap teen ‘n Britse aanval sou verdedig, maar indien die Britte die Kaap wou beskerm “...in favour of the Prince of Orange, he was very glad to see [them]”.³³ In ‘n skrywe aan Elphinstone benadruk Gordon dat hy die Britse teenwoordigheid verwelkom indien hulle die Kaap teen die Franse wil beskerm. Hy noem dat hy die Franse beginsels en hul ondersteuners (Patriotte) minag en verwys na hulle as “endoctrinated dupes”. Hy beskou homself as ‘n lojale Oranje ondersteuner en meld dat indien Nederland “should surrender...then I am a Greatbritainer”.³⁴

Die Britse opperbevel moes egter steeds die Politieke Raad oortuig om die Kaap aan die Britte te oorhandig, met die gevolg dat sir James Craig Kaapstad op 19 Junie persoonlik besoek. Hy verduidelik aan die Raad dat die skepe en troepe gestuur is om die Kaap te beskerm. Craig verseker hulle dat geen verandering na besetting aan die wette en gebruikte van die kolonie gemaak sou word nie en dat amptenare hul poste sou behou totdat ‘n beslissing van Brittanie ontvang word. Voorts het die Britte onderneem om die VOC-troepe te betaal indien hulle bereid sou wees om ‘n eed van getrouheid aan die Britse Kroon af te lê. Dié voorstelle is

30. KA. C231: Resolutiën Raad van Politie, 13-14 Junie 1795, pp.165-166.

31. KA. C231: Afskrif van Elphinstone en Craig se Verslag-Raad van Politie, 13 Junie 1795 in Resolutiën Raad van Politie, 13-14 Junie 1795, pp.167-168.

32. MacKenzie - Craig, geen datum in G.M. THEAL, *Records of the Cape Colony from February 1793 to December 1796*, pp.46-50.

33. Kaptein Hardy se verslag van dié ontmoeting aangehaal in P. CULLINAN, *Robert Jacob Gordon, 1743-1795*, p.176.

34. Gordon - Elphinstone, 14 Junie 1795 in G.M. THEAL, *Records of the Cape Colony from February 1793 to December 1796*, p.45.

verwerp en die Politieke Raad het hul voorneme om die Kaap en die wettige Nederlandse konstitusie te verdedig beklemtoon.³⁵

Gedurende sy besoek aan Kaapstad het Craig die geleentheid benut om rond te stap en die verskillende batterye, verdedigingswerke en terrein te ondersoek.³⁶ Verskeie Britse senior offisiere is sodoende die geleentheid gebied om hulself van die sterk- en swak punte van die Kaapse verdedigingswerke en die skiereiland se topografie te vergewis. In die proses is waardevolle operasionele inligting ingewin.

Aangesien die Britte nie hul doel op diplomatieke vlak bereik het nie, was Elphinstone en Craig se volgende stap om by wyse van ‘n propagandaveldtog hulle direk tot die soldate en inwoners van die Kaap te rig. In ‘n proklamasie wat op 22 Junie uitgevaardig is, bied die Britte hul beskerming aan en nooi hulle die inwoners om ‘n afvaardiging te stuur om met die Britte te onderhandel.³⁷ Elphinstone het ‘n afskrif na Gordon gestuur en hom versoek om die inhoud aan sy troepe oor te dra aangesien die Britse bevelvoerders steeds van mening was dat Gordon nie sy troepe teen hulle sou beïnvloed nie. “We have every reason to expect that Coll. Gordon’s corps is well inclined to us”, het Elphinstone en Craig aan Henry Dundas gerapporteer: “Indeed we have grounds for hoping that they would join us as soon as we land”.³⁸

Die Politieke Raad was ontstoke oor die Britse proklamasie en het (in stryd met Gordon se advies) besluit om onderhandelings met die Britte te beëindig. Die resident in Simonstad is beveel om die veiligheidsmaatreëls in Valsbaai te verskerp, die Britte as vyande te beskou en nie meer hul skepe van voorrade te voorsien nie. Ten einde te verseker dat die Britte geen trekdiere bekom nie, moes alle perde, osse en ander trekdiere uit die Simonstad-Vishoek omgewing verwyn word. In die geval van ‘n aanval moes Simonstad verdedig word, maar as die verdedigers oorval word, moes die geskut vernaal word, alle buskruit in die see gegooi word en na Muizenberg teruggeval word.³⁹

Op 28 Junie seil twee Amerikaanse skepe Simonsbaai binne met pos uit Nederland en amptelike dokumente vir die Kaap. Die Britte het die

35. Sluysken en die Raad van Politie - Craig, 19 Junie 1795 in G.M. THEAL, *Records of the Cape Colony from February 1793 to December 1796*, p.65.

36. H.F. NEL, Die Britse Verowering van die Kaap in 1795, p.61.

37. P. CULLINAN, *Robert Jacob Gordon, 1743-1795*, p.178.

38. Elphinstone and Craig - Dundas, 27 Junie 1795 in G.M. THEAL, *Records of the Cape Colony from February 1793 to December 1796*, p.82.

39. H.F. NEL, Die Britse Verowering van die Kaap in 1795, p.66.

amptelike dokumente en pos onmiddellik gekonfiskeer en die skepe dopgehou.⁴⁰ ‘n Koerant het egter deurgegliп waarin ‘n kennisgewing gepubliseer is dat die State-Generaal alle Nederlanders van hul eed van getrouheid aan die Prins van Oranje onthef. Dit was duidelik dat die Stadhouderskap afgeskaf is en dat Nederland en Frankryk geallieerde was.

Op dieselfde dag het Elphinstone ook beveel dat die drie VOC skepe wat in Simonsbaai voor anker gelê het “[are] not to move from this place.”⁴¹ Uiteraard was die Politieke Raad hoogs ontstoke, opdrag is aan die skepe gegee om te seil en die batterye is beveel om te vuur indien die Britte dit wou verhoed. Elphinstone het twee van sy groter skepe oorkant die batterye geplaas en nege dae later het Britse offisiere en manskappe sonder slag of stoot op die vaartuie beslag gelê.⁴² Weens die slaggereedheid van die Britse oorlogskepe en die geringe verdedigingswerke te Simonstad, het Gordon en De Lille beklemtoon dat die Simonstadse garnisoen nie ‘n Britse aanval kon afweer nie. Simonstad is ontruim en op 29 Junie is na Muizenberg teruggeval.⁴³

Vir die Britte was dit duidelik dat hulle binnekort sou moes veg, aangesien onderhandelings misluk het en hul kosvoorraad beperk was. (Rantsoene is reeds op 3 Julie met ‘n derde gesny.)⁴⁴ Elphinstone en Craig se mag was egter onvoldoende vir ‘n grootskaalse aanslag aangesien hulle oor geen waens of trekdiere beskik het nie en ook nie die toerusting, swaar wapens en ammunisie vir ‘n beleëring gehad het nie. Wat die Britte nodig gehad het, was ‘n strandhoof waar hulle ‘n defensiewe posisie kon inneem in afwagting vir generaal Clarke se versterkings. Maar om amfibiese operasies gedurende die laat agtiede eeu uit te voer was moeilik aangesien landings deur tegniese en logistieke probleme bemoeilik is. Geen spesiale landingsvaartuie het bestaan nie. ‘n Aanvaller in die stadige oop bote was baie kwesbaar vir vyandelike vuur tydens die aanvanklike landingspoging, veral terwyl die bote in die deining was, voordat soldate voet aan wal kon sit om tot die aanval oor te gaan. Hoewel dit moeilik sou wees om Simonstad teen ‘n

-
40. KA. VC68: Brieven en Bylagen van den Commissaris te Cabo de Goede Hoop A.J. Sluysken, 1795, pp.754-755.
 41. Proklamasie deur Elphinstone 28 Junie 1795 aangehaal in C.J. DE VILLIERS, *Die Britse vloot aan die Kaap, 1795-1803*, p.9.
 42. C.J. DE VILLIERS, *Die Britse vloot aan die Kaap, 1795-1803*, p.10.
 43. KA. VC68: Brieven en Bijlagen, pp.666-667; C231: Resolutiën Raad van Politie, 2 Julie 1795, pp.378-80.
 44. C.J. DE VILLIERS, *Die Britse vloot aan die Kaap, 1795-1803*, p.10.

gekonsentreerde vloot en amfibiese aanval te verdedig, is geen poging ná die komst van die Britte aangewend om die verdedigingstellings te Simonstad te verbeter nie. Die ontruiming van Simonstad was dus van groot hulp vir die Britte en die gebrek aan deeglike verdedigingswerke aldaar ‘n beduidende militêre flater aan die kant van die Nederlanders. Die skep van ‘n strandhoof was operasioneel die mees kritieke stadium van die Britse besetting. Dit is maklik in Simonstad bereik. Daarna kon veeleisende take soos die aanvulling van skepe en herstelwerk voortgaan.

In Muizenberg het die Nederlanders ‘n natuurlike verdedigingsposisie gehad. Aan die westekant was die styl hellings van Steenberg, met die Sandvleimoeras aan die anderkant. Om dié posisie te omvleuel was haas onmoontlik. Die verdedigingstellings te Muizenberg het uit ‘n grondborswering (ongeveer 50m lank) dwars oor die Simonstadpad bestaan, met ‘n mortier en ‘n 6-ponder aan die seekant en twee 4-ponders aan die anderkant. Verder terug was ‘n battery met twee 4-ponders, terwyl twee 24-ponders nader aan die strand was, maar sonder gesikte affuite. Die artilleriste het versoek dat die posisie versterk word en het die plasing van batterye en verdedigingswerke aan die seekant as ‘n belangrike vereiste beskou.⁴⁵ Gordon het egter verklaar dat die posisie nie verbeter kon word nie en dat die bolwerke onnodig was, aangesien “the English are too much of our friends to cause us the least fears”.⁴⁶ Hardnekkige weerstand en deeglike voorbereiding aan die kant van die Nederlanders sou dit baie moeilik vir die Britte gemaak het om hulle uit Muizenberg te verdryf, veral weens die Britse tekort aan toerusting. Desnieteenstaande is dié posisie nooit voldoende versterk nie.

Intussen het die Britse propagandaveldtog voortgegaan en VOC huurtroope is verhoogde soldy aangebied indien hulle by die Britte sou aansluit. Binne twee weke het 23 van kant verwissel, en drostery het voortgeduur totdat twee drosters gevang is, en deur ‘n burgerpatrollie tereggestel is. Terselfdertyd het die Britse vloot voorbereidings getref vir ‘n aanslag op Muizenberg deur dieptepeilings voor die strand te Muizenberg te neem en kaarte voor te berei. Hulle moes met die skepe binne ‘n driekwart myl van die strand kon kom, maar weens die lang rollende deining, was Elphinstone skepties oor die akkuraatheid van sy vlootgeskut. Hy het nietemin vir Craig verseker dat, gegewe die regte weerstoestande (verkieslik ‘n westewind en ‘n gladde see), sy skepe

45. KA. VC75: P.W. MARNITZ, Verhaal van die overgaave van de Kaap de Goede Hoop aan de Engelshen door Een vriend der waarheid aldaar. In’t tweed jaar der Batavische Vrijheid, pp.68-72.

46. P. CULLINAN, *Robert Jacob Gordon, 1743-1795*, p.179.

Verdediging van die Kaap in 1795

binne twee uur op hul pos te Muizenberg sou wees – ‘n posisie waarna hy verwys het as die “Thermopylae of the Cape Peninsula”.⁴⁷

De Lille was in bevel te Muizenberg. Sy mag, bestaande uit 200 infanteriste, 120 artilleriste, 200 berede burgers en 150 pandoere, was slegs ‘n gedeelte van die Kaapse verdedigingsmag.⁴⁸ Die moreel van sy troepe was laag en hulle het nie werklik vertroue in Gordon en De Lille gehad nie. Voorts was die burgers woedend omdat daar nie op die Britte gevuur is nie, toe hulle lodings te Muizenberg geneem het.

Die Britte het intussen besluit om so spoedig moontlik tot die aanval oor te gaan. Voorrade was min en Nederlandse versterkings het uit die binneland aangekom. Twee seemansbataljons is aan wal geplaas wat die Britse landingsmag na 1600 verhoog het. Ten spyte van hul gebrek aan toerusting was die Britse bevelvoerders oortuig dat hulle sukses sou bereik omdat hulle bewus was van die politieke verdeeldheid aan die Kaap en oortuig was dat die Nasionale Bataljon nie sterk weerstand sou bied nie.

Die Britse aanval het op 7 Augustus plaasgevind. Terwyl vier slagskepe en ‘n klein kanonboot om 12:00 na Muizenberg geseil het, is die Nederlandse brandwagte uit hul posisie te Kalkbaai verdryf. Teen 14:20 het die skepe op Muizenberg begin vuur en 40 minute later het die skepe Muizenberg met hul volle breedsy gepeper, “thundering showers of shot upon the camps”.⁴⁹ De Lille en sy infanterie het in wanorde na Sandvlei teruggeval en slegs ‘n aantal artilleriste onder bevel van luitenant Kemper en Marnitz het met twee 24-ponders vuur beantwoord. Aangesien dié kanonne egter nie na behore gemonteer is nie, moes hulle na elke skoot weer opgestel word. Nietemin het die artilleriste daarin geslaag om twee skepe raak te skiet, met twee gesneuweldes en vier gewondes die resultaat, voordat die hoë vuurtempo van die skepe se volle breedsy hulle gedwing het om terug te val.⁵⁰ Nadat die Nederlands buite bereik van die skeepskanonne was, het van die artilleriste en burgers besluit om vas te staan en met behulp van ‘n kanon is die Britte na Muizenberg

47. C.J. DE VILLIERS, *Die Britse vloot aan die Kaap, 1795-1803*, pp.11-12.

48. H.F. NEL, *Die Britse Verowering van die Kaap in 1795*, pp.86-7.

49. Ross - Scott, 14 Augustus 1795 in M. BOUCHER en N. PENN, *Britain at the Cape, 1795-1803*, p.43.

50. KA. VC75: P.W. MARNITZ, Verhaal van die overgaave van de Kaap de Goede Hoop aan de Engelshen door Een vriend der waarheid aldaar. In’t tweed jaar der Batavische Vrijheid, p.303; H.F. NEL, *Die Britse Verowering van die Kaap in 1795*, p.90 en C.J. DE VILLIERS, *Die Britse vloot aan die Kaap, 1795-1803*, p.15.

terug gedryf. Ongevalle was lig: een Britse offisier, een burger, twee Nederlandse artilleriste en een pandoer is gewond.⁵¹ Die gebrek aan entoesiasme onder die Nederlandse het die Britte dermate verstom dat ‘n ooggetuie verklaar:

The Dutch on our approach neither behaved with courage or prudence, nor took a proper advantage of their strong positions ... and with a degree of folly scarcely to be accounted for ... abandoned the important place which they should have defended to the last extremity.⁵²

Die Nederlanders het alles, behalwe vyf veldkanonne agtergelaat en na Lochner se Plaas (by die teenswoordige Dieprivier) onttrek. Gordon was nie by die Muizenbergse geveg teenwoordig nie, maar hy en Sluysken het Lochner se plaas die aand besoek. Weens groot ontevredenheid onder die burgers is De Lille opdrag gegee om ‘n defensiewe posisie agter Sandvlei in te neem.⁵³ De Lille het die grootste gedeelte van sy mag te Sandvlei ontplooい, met twee burgerkompanjies, 50 infanteriste, 36 artilleriste en twee veldkanonne te Steenberg om te verhoed dat hulle omvleuel word. Die volgendeoggend het Craig sy aanmars in twee kolonne hervat: die seemanne het deur die Sandvleimoeras aangemars en die infanteriste teenaan Steenberg. De Lille het dadelik teruggeval,⁵⁴ terwyl die Britse infanterie deur burgers op hul flank verras is, en gedwing is om terug te val. Hulle is deur burgers en pandoere agternagesit totdat die teenaanval deur kanonne wat die Britte die vorige dag gebuit het, gestuit is. Die burgers het geen hulp van De Lille ontvang nie, aangesien hy in die teenoorgestelde rigting teruggeval het en kamp te Wynberg opgeslaan het. Gordon, wat op 8 Augustus aan die front was, het geen poging aangewend om die troepe se moreel te versterk nie en het ingestem dat na Wynberg teruggeval word.

Dié gebeure en die feit dat die verdedigingstellings te Muizenberg nie verbeter is nie, laat duidelik die indruk dat die verdediging van die Kaap gesaboteer is. Nie Sluysken, Gordon of De Lille het ‘n daadwerklike

51. G.M. THEAL, *History and Ethnography*, p.333.

52. Verslag van ‘n ooggetuie, R. Percival, *An Account of the Cape of Good Hope*, p.66 aangehaal in H.F. NEL, *Die Britse Verowering van die Kaap in 1795*, p.94.

53. KA. VC76: H.D. CAMPAGNE, *Memorie en bijzonderheden wegens overgave der Kaap de Goede Hoop 1795*. Handgeskrewe, 17 Mei 1797, pp.52-53.

54. C.L. NEETHLING, *Onderzoek van’t Verbaal van A.J. Sluysken, voormalige commissaris van Cabo de Goede Hoop, en Verdediging van’t Gedrag der Caapsche Burgery* (Plek van publikasie onbekend, 1797), pp.52-54.

poging aangewend om effektiewe weerstand voor die onttrekking na Wynberg te organiseer nie. Hulle optrede, of gebrek aan optrede, kan waarskynlik die beste verduidelik word teen die agtergrond van hul Oranje-sentimente. Op 10 Augustus is De Lille op aandrang van die burgers op ‘n klag van hoogverraad gearresteer⁵⁵ en na die Kasteel geneem. Hy is egter deur die fiskaal kwytgeskeld, maar het in aanhouding gebly om sy eie veiligheid te verseker!

Die burgers was hoogs ontevrede oor die swak verdediging van die Kaap en wou verantwoordelikheid vir die verdediging van die Kaap oorneem:

dat men niet voor had de colonie behoorlik te defendeeren, de geheele taak der verdediging op de schouders der burgeren rusten.⁵⁶

In reaksie hierop het Sluysken op 11 Augustus ‘n openbare Krygsraadvergadering in die *Burgerwaghuis* in Kaapstad byeengeroep. Die saal was stampvol en die hele plein vol mense. In die gespanne atmosfeer was ‘n opstand selfs moontlik. Sluysken het tydens die vergadering by die bevolking gepleit om nie oorhaastig op te tree nie en versoek dat eenheid behou word. Hy het verduidelik dat ‘n landwaartse aanval van Valsbaai, gekombineer met ‘n seewaartse aanval in Tafelbaai verwag word, en die bevolking die versekering gegee dat die Kaap tot die laaste verdedig sal word.

In ‘n skrywe wat Elphinstone en Craig op 12 Augustus aan Sluysken rig, beklemtoon hulle dat Britse versterkings enige dag kan opdaag en bied nogmaals aan om die Kaap onder Britse beskerming te neem. Sluysken word gewaarsku dat indien die Nederlanders nie instem nie, die Britse troepe dalk hand kan uitruk en dat hulle dan nie verantwoordelik sou wees vir wat hul troepe die Kaapse bevolking mag aandoen nie.⁵⁷ Die Raad se antwoord was dat terwyl hul nog weerstand kan bied die Kaap nie sal oorgee nie.

Maj. Van Baalen (De Lille se opvolger) was in bevel te Wynberg. Soos in die verlede is die swak verdedigingswerke ernstig deur die burgers en artilleriste gekritiseer, sonder dat dit daadwerklik verbeter is. Gedurende die daaropvolgende maand het Gordon Wynberg nooit besoek nie, en ook

55. KA. VC65: Brieven en Bijlagen, pp.59-60.

56. KA. VC76: H.D. CAMPAGNE, *Memorie en bijzonderheden wegens overgave der Kaap de Goede Hoop 1795*, p.73.

57. KA. C231: Elphinstone en Craig - Raad van Politie, 12 Augustus 1795 aangehaal in Resolutiën Raad van Politie (Secretie), 12 Augustus 1795.

nie voorbereidings vir ‘n sekere Britse aanval getref nie. Hy het sy tyd en energie afgestaan aan die verbetering van die Mouille battery (by Kaapstad), ingeval die vyand sou besluit om daar te land. Sluysken het gekla dat die Kaapse skiereiland te groot is vir sy beperkte militêre vermoë en het teen ‘n Britse aanval in Tafelbaai gewaarsku.⁵⁸ Volgens Marnitz was Gordon en Sluysken se doel bloot om die geniekorps om die Kaap besig te hou, sodat hulle nie te Wynberg benut kon word nie.⁵⁹ Tyd is dus verwyl om op ‘n aanslag uit die noordweste voor te berei, terwyl die werklike gevaar in die suidooste was.

Intussen het die Britte hul verdedigingstellings te Muizenberg verbeter. Dié geleentheid moes hulle nie gehad het nie, aangesien hulle ‘n klein mag tot hul beskikking gehad het, op versterkings gewag het en ook nie oor veldartillerie, swaar toerusting, waens of trekdiere beskik het nie. ‘n Aanmars oor moeilike terrein, teen ‘n vyand op die defensief, sou moeilik wees. As ‘n besettingsmag was die Britte se vastrapplek op vreemde bodem kwesbaar, met die gevolg dat goed georganiseerde aanvalle op hul strandhoof dinge baie moeilik vir hulle sou maak.⁶⁰ Die burgers en van die artillerie offisiere het hul bevelvoerders probeer oortuig om die Britse posisie aan te val, maar ten spyte daarvan was die VOC bewindhebbers nie eens oor die wysheid van so ‘n aanval nie.⁶¹ Dit het meer ontevredenheid veroorsaak en na vele versoeke gee Sluysken vir Gordon aan die einde van Augustus opdrag om ‘n aanvalsplan op te stel. Voordat die Nederlandse aanval egter kon plaasvind, seil generaal Clarke se 14 skepe met Britse versterkings Valsbaai op 3 September binne.

Die Britte het onmiddellik ‘n daadwerklike opmars na Kaapstad begin. Clarke se opdrag was om, indien die Kaap met sy aankoms nog in Nederlandse hande was, hy dit moes verower. Sy bevele was ondubbelzinnig, die aanval moes ‘immediate and vigorous’ wees en die

58. KA. C239: Resolutiën Raad van Politie, (Secrete), 12 Aug 1795, 12 Augustus 1795, pp.113-114 en C231: Resolutiën Raad van Politie, 25 Augustus 1795, pp.502-504.

59. KA. VC75: P.W. P.W. MARNITZ, Verhaal van die overgaave van de Kaap de Goede Hoop aan de Engelshen door Een vriend der waarheid aldaar. In’t tweed jaar der Batavische Vrijheid, pp.353-357.

60. J. HOLLAND ROSE, *William Pitt and The Great War* (G. Bell & Son, Londen, 1911), p.254.

61. A.J. SLUYSKEN, *Verbaal gehouden by den Commissaris van de Caap De Goede Hoop A.J. Sluysken sedert het arrivement der Engelsche Vloot onder den Admiraal S.G. Keit Elphinstone, den 10 Juny 1795 en de overgave van die Kolonie aan de wapenen van Groot-Brittannien, den 16 September daar aanvolgende* (Isaac van Cleef, Den Haag, 1797), pp.183-184 en p.191.

Verdediging van die Kaap in 1795

Kaap moes beset word, ‘in his Majesty’s name’.⁶² vervoermiddelle was sy grootste probleem, maar soldate en matrose is ingespan om voorrade en toerusting na Muizenberg te dra. Om 09:00 op 14 September het die Britte met tussen 4 000 en 5 000 man (sapiers en artilleriste ingesluit) na Wynberg opgeruk. Vier dae se voorrade is aan die troepe uitgereik, terwyl vrywilligers van die skepe die kanonne gesleep het.

Van Baalen het sy mag, bestaande uit 230 infanteriste, 88 artilleriste, 150 pandoere en nege burgerkompanies, swak ontplooi. Die geskut se skootsvlake was beperk, soos Theal opmerk, “in a faulty manner...placing his cannon in such a position that they were practically useless”.⁶³ Clarke het ‘n frontale aanval geloods en probeer om Van Baalen se regterflank te omvleuel. Die Nederlanders is egter deur die impetus van die Britse aanval verdryf (met slegs enkele van die burgers wat probeer weerstand bied het) en het na Drie Kopjes (tans Mowbray) teruggeval om te verhoed dat hul verbindingsslyne met Kaapstad verbreek word.

Nie Gordon of Sluysken, was te Wynberg teenwoordig nie. Die burgers (ongeveer 900) wat nog aan die verdediging van die Kaap deelgeneem het, het Gordon en Sluysken van pligsversuim beskuldig en gesê dat hulle in die steek gelaat is. Hulle het geweier om die Franse linies (Kaapstad se oostelike verdedigingsnetwerk – van die see tot aan die hange aan Duiwelspiek) te beman, want hulle wou nie vasgekeer en krygsgevange geneem word nie, met die gevolg dat hulle huistoe gegaan het.⁶⁴

Na die aanval op Wynberg het die Politieke Raad vergader. Die situasie was hopeloos. ‘n Goedgedissiplineerde Britse mag het teenoor ‘n ontmoedigde en verswakte Kaapse verdedigingsmag te staan gekom. Gordon en Sluysken het beklemtoon dat die Kaap nie langer teen ‘n vyand soos die Britte verdedig kon word nie en dat verdere weerstand tevergeefs is.⁶⁵ Net een lid van die raad, Van Rheeë van Oudtshoorn, het veglus getoon en tevergeefs probeer om teen oorgawe beswaar aan te teken. Om middernag op 14 September het onderhandelings met die Britte ‘n aanvang geneem. Clarke het tot ‘n 24-uur wapenstilstand

-
62. Opdrag van die Horse Guards aan Clarke, 4 Mei 1795 aangehaal in C.J. DE VILLIERS, *Die Britse vloot aan die Kaap, 1795-1803*, p.318.
63. G.M. THEAL, *History and Ethnography*, p.339.
64. C.J. BARNARD, “Robert Jacob Gordon se loopbaan aan die Kaap” in *Argiefjaarboek vir SA Geskiedenis*, (I) 1950, p.424.
65. KA. VC76: H.D. CAMPAGNE, *Memorie en bijzonderheden wegens overgave der Kaap de Goede Hoop 1795*, pp.140-141.

ingestem en om 03:00 op 15 September het Gordon sy troepe beveel om uit te val.

Terwyl die onderhandelingsproses op 15 September plaasgevind het, het die kusbatterye in Houtbaai met Britse oorlogskepe slaags geraak. Die skynaanval van Britse oorlogskepe te Houtbaai was deel van ‘n misleidingsplan om Nederlandse aandag van die Britse hoofpoging te Wynberg te lok. Aangesien die vlootbevelvoerders egter onbewus van die wapenstilstand was, het hul met hul plan voortgegaan “to alarm the Coast and to invite fire of the Enemy in order to know the position and strength of their Batteries.” Die kusbatterye te Houtbaai het flink gereageer, “keeping up a smart fire... notwithstanding the distance the Ships were off the Shore”.⁶⁶

Nadat ooreenkoms bereik is, is die oorgawe van die Kaap op 16 September onderteken. Baie Nederlandse soldate het verraai gevoel en gemeen dat hulle nie die geleentheid gebied is om die Kaap deeglik te verdedig nie. Gordon is veral geblameer en aangesien die situasie aan die Kaap onbeheerbaar begin raak het, is die Britse bevelvoerders versoek om so spoedig moontlik die Nederlanders te hulp te kom.⁶⁷ Die Britte het die batterye in die Franse linie beset en met 1 400 man Kaapstad binne gemarsjeer. Britse troepe het op die parade voor die Kasteel gehalt terwyl die Kaapse garnisoen met vaandels en dromme uit die Kasteel gemarsjeer het. Vir die eerste keer sedert die aankoms van die Britse taakmag “...Gordon appeared at the head of his men”.⁶⁸ Die soldate het Gordon gevloek en geskel. Te midde van die chaos het hy hulle gehalt en beveel om hul wapens neer te lê. Sy bevel is met beleidings en dreigemente beantwoord en met minagting het die soldate hul wapens op die grond gegooi terwyl hul offisiere as skelms en verraaiers uitgemaak is! Een soldaat het probeer om Gordon aan te rand, terwyl die Britte die hele petalje met afkeur gade geslaan het.⁶⁹ ‘n Paar dae later is Gordon nogmaals met minagting deur ‘n groep soldate

-
66. U. SEEMANN, The forts and fortifications of the Cape, 1781-1829 (MSc, UK, 1987), p.17.
67. KA. VC75: P.W. MARNITZ, Verhaal van die overgaave van de Kaap de Goede Hoop aan de Engelshen door Een vriend der waarheid aldaar. In’t tweed jaar der Batavische Vrijheid, p.235.
68. P. CULLINAN, *Robert Jacob Gordon, 1743-1795*, p.182.
69. KA. VC76: H.D. CAMPAGNE, *Memorie en bijzonderheden wegens overgave der Kaap de Goede Hoop 1795*, pp.160-161. KA. VC75: P.W. MARNITZ, Verhaal van die overgaave van de Kaap de Goede Hoop aan de Engelshen door Een vriend der waarheid aldaar. In’t tweed jaar der Batavische Vrijheid, p.239 beaam die verhaal.

Verdediging van die Kaap in 1795

behandel "... who thrashed him with their batons and, throwing him to the ground, jumped on his belly".⁷⁰

Die verowering van die Kaap het verligting te Whitehall gebring.⁷¹ Die Eerste See Lord van die Admiraliteit, graaf Spencer, het Elphinstone gelukgewens en na die Kaap verwys as

a very valuable acquisition...obtained for this country at so little expense of lives and money...one of the most advantageous we have ever made.⁷²

Geen melding is van die beskerming van die Kaap namens die Huis van Oranje gemaak nie. Die verowering was in Britse belang – die toevallige teenwoordigheid van die Prins van Oranje in Engeland was bloot 'n gelukkige meevaller!

Waardering: die verdedigers van die Kaap

Die gebeure van 1795 laat die indruk dat die Kaapse bewindhebbers die Kaap doelbewus in Britse hande laat beland het. Selfs Gordon se biograaf handhaaf in die verband

it is indisputable that Gordon and Sluysken, together with other senior officials and officers of the Company, made sure that the Cape fell to the British.

Die komplekse omstandighede, meen Cullinan, maak dit egter nie verraad nie. Gordon, Sluysken en hul kollegas was eerstens lojaal aan die Prins van Oranje:

Therefore once Gordon had decided that the British represented the Prince, it was his clear duty to hand over the Cape to them and work with them until such time as it could be returned to its rightful sovereign.⁷³

-
70. H.R. DE PUYFONTAINE, *Louis Michel Thibault 1750-1815: his official life at the Cape of Good Hope* (Cape Town, 1972), p. 15 aangehaal in P. CULLINAN, *Robert Jacob Gordon, 1743-1795*, p.184.
71. J. HOLLAND ROSE, *Op cit.*, p.254.
72. P. ERSKINE, "Admiral Elphinstone's naval task force 1795 1796: the memorabilia of the first British occupation" in *Antiques in South Africa*, (12) 1983, p.88.
73. P. CULLINAN, *Robert Jacob Gordon, 1743-1795*, pp.182-4.

Potgieter

Dié gebeure moet egter teen die agtergrond van destydse wêreldgebeure, spesifiek die Franse Revolusie en die vernietiging van die ou sosiale orde, gesien word. Dit kan bykans as vanselfsprekend aanvaar word dat lede van die hoër klas die *ancien régime* sou ondersteun. Gevolglik Sluysken en Gordon se lojaliteit aan die Huis van Oranje. Ten spyte daarvan moes hulle egter (polities en militêr) in die beste belang van Nederland opgetree.

Indien Sluysken se rol ontleed word ontstaan die vraag hoekom hy nie verseker het dat die Kaap deeglik verdedig word nie? Bronne getuig van Sluysken se entoesiasme oor die verdediging van die Kaap en sy verdoemenis van die Britse poging, maar sy verbale weerstand teen die Britte het retories geword. Die gebrek aan ‘n doelmatige verdedigingspoging moes vir hom opsigtelik gewees het. Tog het hy nooit sy offisiere teengestaan nie, of offisiere soos Gordon van hul pligte onthef nie. Hy het Gordon toegelaat om die Mouille battery te versterk, terwyl die vyand uit die teenoorgestelde rigting aangemars het. Met inagneming van die politieke situasie aan die Kaap en die persoonlike lojaliteit van die sosiale groep waaraan hy behoort het, was Sluysken in ‘n moeilike posisie. As ‘n Oranjeman, het hy waarskynlik ‘n Britse oorname bo ‘n Franse besetting verkies en gemeen dat ter wille van sy eer, of ten einde ‘n opstand aan die Kaap te verhoed, ‘n verdedigingspoging van ‘n aard nodig is. Desnieteenstaande moes Sluysken eerstens verseker dat die belang van die wettige Nederlandse regering van die dag beskerm word. ‘n Onwilligheid om dit te doen, kon as verraad beskou word.

Hoekom het Gordon sy militêre plig versuim? Die antwoord is nie net in sy oortuiging dat hy in die beste belang van Nederland en die huis van Oranje optree nie, maar ook in sy persoonlike minagting vir die beginsels van die Franse Revolusie en die ondersteuners van dié beginsels geleë. Waarskynlik het hy die Britse teenwoordigheid aan die Kaap as minder dreigend vir Oranjebelange beskou en geglo dat hy in die beste belang van die Huis van Oranje optree toe hy nie die Kaap effektief teen die Britte verdedig het nie. Maar, as soldaat het hy onprofessioneel opgetree en sy *plig versuim!*

Na die Britse oorname het Gordon met teleurstelling besef dat die Britte die Kaap vir hul eie belang beset het en nie in die naam van die Prins van Oranje nie. Hy het gemeen dat die Britte hulle mislei het en waarskynlik sy deel aan die miserabele verdediging van die Kaap betreur. Hy is openlik geminag en het terneergedruk en depressief geword. Soos Cullinan opmerk “As an honourable man there was only

one way he could resolve the appalling dilemma facing him".⁷⁴ ... Op 25 October 1795 pleeg hy selfmoord in sy tuin.

Gevolgtrekking

Die strategiese ligging van die Kaap en die belangrike seeroete om die Kaap, verklaar die redes vir die stigting van 'n verversingspos in die eerste instansie. Groot wins is uit die handel met die Ooste gemaak en die Kaap was letterlik die sleutel tot die Ooste. Groeiende Britse belang in Indië gedurende die laat agtiende eeu maak Britse belangstelling in die Kaap gevolglik vanselfsprekend.

Die Britse besetting van die Kaap was 'n waardevolle oefening in seemag. Seemag het dit vir Brittanje moontlik gemaak om 'n vloot na die Kaap te stuur en die gebrek aan 'n vergelykende vermoë aan die kant van Nederland en Frankryk het dit vir die Britte moontlik gemaak om die Kaap veilig te bereik. In die konteks van die agtiende eeu het seemag ook die relatiewe spoed en verrassing van die operasie moontlik gemaak. Die Britte kon na willekeur om die skiereiland vaar en die verdedigers van die Kaap en selfs verbygaande verkeer intimideer. Hulle het dus die eksterne kommunikasie van die Kaap beheer, en hul maritieme vermoë het dit moontlik gemaak om nie net ongehinderd ander landingsplekke te ondersoek nie, maar om ook 'n amfibiese landing uit te voer. Britse skepe het voorts soldate, toerusting en voorrade vervoer, as bevel en beheerposte gedien en selfs noodsaaklike vlootvuursteun verskaf. Die Britse vloot het dus die aanslag moontlik gemaak en die vermoë gehad om die Kaap te beskerm teen enige poging om dit te herower.

Nadat die Britte besluit het om die Kaap te beset moes dit so 'goedkoop' moontlik uitgevoer word, verkiekslik sonder groot gevegte. Op sielkundige vlak het die Britte vernuftig te werk gegaan. Hulle het nie net Kaap toe gekom met slagskepe, kanonne en soldate nie, maar was ook met 'n brief van die uitgeweke Prins van Oranje bewapen. Eers is met die Nederlandse bewindhebbers onderhandel om Britse 'beskerming' te aanvaar, terwyl die politieke verdeeldheid aan die Kaap uitgebuit is en op spesifieke persone wat hul 'saak' goedgesind was, gefokus is. Britse propaganda was direk op die bevolking gerig en Britse proklamasies het die swak skakel (die gebrek aan eenheid) as teiken gehad. Dit het groter verdeeldheid onder die verdedigers bevorder. Die gevolg is dat die Britse oorwinning essensieel "goedkoop" en nie bloedig was nie.

74. *Ibid.*, p.185.

‘n Verstommende aspek met betrekking tot die gebeure van 1795 is die hopeloze verdedigingspoging van die Nederlanders. Die swak verhouding tussen die burgers en die VOC het ‘n negatiewe effek op militêre samewerking gehad. Dit het voortgespruit uit agtereenvolgende swak regerings, die VOC se benarde finansiële situasie, plaaslike ekonomiese agteruitgang, die situasie aan die Oosgrens, die VOC se beleid aan die Kaap en die verskille tussen die Patriotte en Oranje ondersteuners. Eensgesindheid en openbare steun is dus ‘n noodsaaklike vereiste vir effektiewe verdediging.

Die diskrepansie tussen Britse en Nederlandse leierskap is beduidend. Dundas het in Elphinstone, Craig en Clarke bekwame en ervare vlag-en generale offisiere gekies, wat goed saamgewerk het, die ekspedisie goed georganiseer het, effektiewe en ondubbelinnige leiding verskaf het en nooit die handhawing van hul doel uit die oog verloor het nie. Die Nederlanders daarenteen het min ervaring in grootskaalse militêre operasies gehad, hul bevelvoerende offisiere was by verre meer junior as die Britte, hul operasionele ervaring was grotendeels beperk tot kleinskaalse plaaslike operasies en hulle het nie erns met hul verdedigingstaak gehad nie.

Die vertroue wat die Nederlandse troepe in hul offisiere geplaas het en hul dissipline was nie met die Britte vergelykbaar nie. Min entoesiasme het bestaan en die politieke verdeeldheid onder die Kaapse magte het ‘n negatiewe effek op kohesie gehad. Onder die omstandighede het die Nederlanders nooit die initiatief geneem nie en in essensie ‘n passiewe verdedigingposisie ingeneem, terwyl die Britte initiatief geneem het, op die offensief gebly het en die militêre pas gedikteer het. ‘n Gedeelte van die Kaapse magte was wel entoesiasties oor die verdediging van die Kaap, maar hul bevelvoerders het duidelik ‘n ander agenda gehad. Dit was die taak van die Kaapse verdedigingsmagte om Nederlandse belang te verdedig en nie die belang van die Prins van Oranje nie. Hierin het hulle gefaal.

Die soldate moet egter nie alleen die blaam dra nie. Hulle moes duidelike en ondubbelinnige riglyne van hul politieke meesters ontvang het. VOC beleid het dit immers duidelik gemaak dat verdediging eerstens die taak van die Goewerneur was en dat Gordon sy ondergeskikte was. Sluysken en die Kaapse regering was duidelik nie nougeset in hul organisering van ‘n effektiewe verdediging nie, en die gebrek aan duidelike riglyne en inspirerende leierskap het die militêre fiasko moontlik gemaak. Dié voorbeeld illustreer nogmaals hoe belangrik duidelike politieke riglyne in verdedigingsaangeleenthede is.

Verdediging van die Kaap in 1795

Wees voorbereid. Dié belangrike en tydlose diktum met betrekking tot militêre beplanning word dikwels buite rekening gelaat. Weens ‘n *laissez-faire* houding onder offisiere is die Kaapse verdedigingspoging nie deur deeglike beplanning gerig nie. Pogings van sommige offisiere om verdedigingstellings te verbeter en voorbereidings te tref is nie ondersteun nie. Hier teenoor was Britse voorbereidings nie uitsonderlik nie, maar dit is ten minste deur dissipline, kohesie, offensiewe optrede en eenheid van poging gekenmerk. Hul sukses in gevegte vergeleke met die wyse waarop die verdedigers teruggeval het, dui nie net op goeie voorbereiding nie, maar ook op die verskil in moreel tussen die Britte en Nederlanders. Die diepliggende politieke spanning onder die Kaapse verdedigers het hul moreel benadeel en gevolglik hul operasionele prestasie.

Die Britte kan aangeprys word vir hul militêre en operasionele inligting. Die uitgebreide fortifikasiestelsel wat die Kaap teen ‘n eksterne aanval moes verdedig, was power in Valsbaai. Dit het die Britte geweet. Voorts het hulle vooraf informasie oor prominente persoonlikhede aan die Kaap bekom en Gordon as ‘n ‘swak skakel’ geïdentifiseer. Ná hul aankoms in die Kaap het Britse senior offisiere daadwerklik probeer om voet aan wal te sit en soveel moontlik informasie oor die fortifikasies, topografie en plaaslike toestande in te win. Ter see het Britse skepe dieptepeilings by Muizenberg geneem en kaarte geproduseer. Deeglike inligting het derhalwe militêre operasies vergemaklik.

Amfibiese oorlogvoering is ten beste gevaarlik en moeilik, maar essensieel vir gebiedsbesetting. ‘n Landingsmag is op sy kwesbaarste tydens die eerste landings aangesien soldate en matrose dikwels swak en uitgeput na ‘n lang seereis is. Voorts is hul kwesbaarheid verhoog deur die gebrek aan gespesialiseerde bote of landingsvaartuie en die tyd wat so ‘n landing sou duur. ‘n Reeks akkurate skote sou dit baie moeilik gemaak het vir soldate om in oop bote in ‘n deining, op ‘n vyandelike strand te land. Dié geleentheid het die Kaapse verdedigers nie gehad, of vir hulself geskep nie. Aan die ander kant is amfibiese operasies afhanklik van vlootoppermag of ten minste tydelike seebeheer. Die Britte het seker gemaak dat hulle dit het.

Ten spyte van onbetwiste Britse krygsvernuf en professionalisme moet nie buite rekening gelaat word nie, dat die Britse besetting van die Kaap eerstens deur die Kaapse verdedigers vergemaklik is. Terwyl ‘n groot deel van die verdedigers die Kaap teen die Britse aanslag wou verdedig het meeste van die Kaapse bewindhebbers kapitulasie verkies. Hoewel Britse gebiedswinste gedurende dié tydperk nie gekenmerk word deur dramatiese krygsvernuf nie, het gedeeltes van die oorsese ryke van

Potgieter

Frankryk en Nederland stelselmatig in die Britse greep beland. Maritieme en militêre mag en die dreigement inherent aan militêre magsaanwending is dus vernuftig as ‘n instrument van beleidsdoelwitte benut.

Summary

Defending the Cape in 1795: for king or country?

The strategic location of the Cape of Good Hope on the southern tip of Africa made it a priced possession and vital for maritime communications to the East. With the growth of British global commercial interest control of the sea route to the East and a safe base along this route became essential. But, the Cape was in Dutch hands and in 1795 (after France invaded the Netherlands) Britain decided to prevent the Cape from falling into French hands. An expeditionary force sailed for the Cape and the Prince of Orange (then a refugee at Kew) supported the idea that the Cape be placed “under the protection” of the British.

Local opinion at the Cape was severely divided. Some Orange supporters demanded immediate adherence to the Prince of Orange’s request while supporters of the Patriot Party threatened to defend the Cape to the last. As the rulers of the Cape and many officers were Orange supporters and the burghers and soldiers were Patriot supporters, the Cape Military Commander Colonel Gordon, was in a difficult position. Should he defend the Cape or capitulate?

Meanwhile, the British landed successfully in False Bay and because of the poor defence they forced the Dutch back. Many of the burghers and soldiers were furious with the weak defence, but when British reinforcements arrived, the military situation changed in favour of the British. The Cape capitulated.